Redaksioneel

Marni Bonthuys

Dit is een van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek se oogmerke om met *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* (*TN&A*) aan jong akademici, die toekoms van navorsing in Afrikaans en Nederlands, 'n platform te bied. Waar die eerste uitgawe van 2020 artikels vervat wat voortgespruit het uit referate gelewer by USAN, 'n kongres vir jong navorsers by die Universiteit Stellenbosch, word hierdie uitgawe gewy aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) se Studentesimposium oor Sosiale en Geesteswetenskappe wat in Oktober 2020 plaasgevind het. Die simposium het ten doel om jong akademici se navorsing ten toon te stel. Te midde van die Covid-pandemie is dit aanlyn aangebied, en het dit 'n aantal jong navorsers uit uiteenlopende velde gelok. Navorsers van verskeie Suid-Afrikaanse universiteite en vanuit velde so divers soos taal, musiek, kuns, geskiedenis, filosofie, maatskaplike werk en filosofie kry die geleentheid om hulle bevindinge met 'n breë gehoor te deel. Heelwat van die referate spruit uit magister- en doktorale navorsing wat ook 'n aanduiding gee van die onderwerpe wat tans in Afrikaanse nagraadse studie ondersoek word. Die simposium is georganiseer deur prof. Linda van Ryneveld (Universiteit van Pretoria) wat goedgunstiglik toegestem het tot 'n spesiale uitgawe van *TN&A* oor hierdie mooi geleentheid. Deelnemers wie se referate met taal of die geskiedenis van Afrikaanse of Nederlandse sprekers te make het, is genooi om artikels voor te lê. Die resultaat is 'n interessante uitgawe wat bydraes insluit wat ander onderwerpe ontgin as dié wat gewoonlik in *TN&A* tereg kom.

Die eerste artikel deur **Luan Staphorst** handel oor die verbande tussen die Afrikaanse taalgeskiedenis en die taal van die |xam-Boesmans. Hy betrek ook die beroemde Bleek en Lloyd-argief en wys op die tersaaklikheid van hierdie stuk geskiedenis met betrekking tot die Afrikaanse taal en taalgemeenskap.

Johannes Stefanus Strauss ondersoek 'n ander stuk (Suid-)Afrikaanse geskiedenis, naamlik die emigrasie van St. Helenas na die Kaapkolonie en Natal tussen die middel 1800's en vroeë 1900's. Die bydrae van hierdie groep emigrante, wie se geskiedenis nie so bekend is binne die Afrikaanse taalgemeenskap nie, word bespreek.

Wietske Boon fokus op die taal-van-onderrig – spesifiek van driejariges. Sy hanteer kwessies soos moedertaal-, dubbelmedium- en tweedetaalonderrig, maar fokus meer spesifiek op die sosiale en emosionele ervarings van die teikengroep in kleuterskoolsituasies deur van vinjetnavorsing gebruik te maak.

In die artikel van **Jomé Beukes** en **Louw de Beer** val die soeklig op taal as kontekstuele faktor van die onderwysstelsels van die BRICS-lidlande. Beukes en De Beer trek interessante verbande tussen hierdie lande (naamlik Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika) met betrekking tot taalbeleid in die onderwys.

Laastens handel **Shani Viljoen** se artikel oor die hantering van plante in 'n vertaling van Vergilius se *Eclogae*. Viljoen skryf oor domestikering in vertaling en lê verbande tussen die assosiasies van bepaalde plante binne die Afrikaanse literatuur en die gebruik daarvan in haar Afrikaanse weergawe van Vergilius se beroemde teks.

Wat *TN&A* se resensie-afdeling betref, kyk **Teneal Apollis** na die Afrikaanse vertalings van gewilde Nederlandse kinderboeke. Shawna-Leze Meiring se *Dolfie Weerwolfie*-boeke (oorspronklik in Nederlands geskryf deur Paul van Loon) en Amelia de Vaal se vertaling van *Wiplala* (oorspronklik in Nederlands geskryf deur Annie M.G. Schmidt) word geresenseer. Apollis wys op die relevansie van hierdie tekste ook vir Afrikaanse kinderlesers vandag.

Ten slotte dank aan die proefleser Annie Klopper, aan Christa van Zyl vir haar mooi voorblad en uitleg, en aan die SAAWK vir die geleentheid wat aan jong navorsers gebied word met die studentesimposium, asook vir hul samewerking met *TN&A*.

Universiteit van Wes-Kaapland